

# DIE WITSTINKHOUTBOOM

P.C. Zietsman

Die Witstinkhout, *Celtis africana*, behoort aan die familie Ulmaceae waarvan daar slegs drie spesies van die genus *Celtis* in Suid-Afrika voorkom.

Die Witstinkhout kom baie wyd verspreid in die land voor, vanaf woude in die Kaap noordwaarts deur die oostelike gedeeltes van die land tot so ver noord as Etiopië. Die habitate waarin die bome voorkom wissel tussen kuswoude in die suide, langs rivierbeddings, droë lopies in die Vrystaat en woude. Oor die algemeen word die bome egter geassosieer met hoë reënval en vogtige habitate.


Die groeivorm en hoogte van die bome varieer baie na gelang van die plek waar die boom staan. Die groeivorm wissel van klein struikagtige bome van 'n meter hoog tot 'n pragtige spreidende boom van ongeveer 12 m hoog. In woude bereik die bome hoogtes van tot 30 m.


Die bas is liggrys tot bykans wit met 'n gladde oppervlak. Die bome is met die uitsondering van dié in kuswoude bladwisselend. Die volwasse blare is donkergroen van kleur terwyl die jong blare wat in die lente uitloop 'n besondere liggroen kleur het. Die blomme is onopvallend en word van Augustus tot Oktober gedra. Die geelbruin vrugte wat tussen Oktober en Desember gedra word, word deur o.a. muisvoëls, tiptolle en houtkappers geëet.

Die bome het verskeie gebruike onder die swartmense. So byvoorbeeld word geglo dat dit geeste sal verdryf indien penne wat uit die hout gesny is, in die grond ingeslaan word. Die hout word ook soms gebruik vir die maak van jukke en in enkele gevalle selfs om meubels van te maak.

Die vars hout het 'n onaangename geur, vandaar die volksnaam, en is bykans wit van kleur. Die hout het geen kommersiële waarde nie.

Uit die oogpunt van 'n tuinier is dit 'n ideale boom



om in die tuin te plant. Dit groei betreklik vinnig, sowat 1-2 m per jaar en die digte spreidende kroon bied genoeg koelte vir warm somerdae. Die bome is rypbestand en redelik droogtebestand. Die boom word in die Vrystaat, TBVC-lande en in die Nasionale State beskerm. 

#### BIBLIOGRAFIE

COATES PALGRAVE, K. 1977. *Trees of Southern Africa*. Kaapstad: Struik.

PALMER, E. & PITMAN, N. 1972. *Trees of Southern Africa*, Vol. 1. Kaapstad A.A. Balkema.